

Inhoud Hierdie preek wys die verskil tussen die kerk se geloofsbelydenis dat Jesus Here en Christus is en die geestelikes se slagkreet “Jesus is Here!” Hull regverdig hul slagkreet vir Jesus uit 1 Kor. 12: 3, maar die Here verwerp hul slagkreet in Matteus 7: 21 – 24. Dit wys dat Jesus as Hoof van sy liggaam vervul sy lidmate met die volle liefde van God en genadegawes, terwyl deur die slagkreet “Jesus is Here” mense Jesus hul organisasie se heerser maak en God sy dienaars die kerk se bemagtigde leiers maak. Dit roep die gelowiges op om nie hierdie heerser te aanvaar nie maar te bly vashou aan die Here Jesus Christus, en die kerk nie met ’n wettelose geestelikheid te laat oorspoel nie.

Skriflesing Hand. 2: 32 – 36; Mat. 22: 41 – 46; Efesiërs 4: 7 – 16.

Teks Efesiërs 4: 15,16 Hy Christus is die Hoof .. wie die groei van sy liggaam bewerk”

Tema Jesus is Here én Christus

1. ’n Slagspreuk wat ons geloofsbelydenis vervang! ’n Slagspreuk wat Christus van die Hoof van sy kerk verander na die heerser oor ’n goddeloses.

“Jesus is Here!”

Dit is die slagspreuk waarmee ’n goddelose gemeenskap vandag die Here Jesus Christus aan hul mag wil onderwerp. Dit is ook die slagspreuk waarmee ’n goddelose gemeenskap ons as kerk van die Here wil gelykstel aan hulle eiemagtige geestelikheid.

Wat ons moet herken is dat uitspraak “Jesus is Here” ’n slagspreuk is wat ons geloof in Jesus as Here en Christus vervang.

Dit is nie sommer net opgemaakte verdagmakery nie, maar daar is werklik ’n hele beweging wat ons geloofsbelydenis in die evangelie, die Apostoliese Geloofsbelydenis, wat u ken ons ons in die eredienste saam bely, met een slagspreuk wil vervang. Ek het al amper tien jaar gelede al in kerklike vergaderings gesit waarin geestelikes en professore die inhoud van die evangelie wil afskaal na hierdie een slagspreuk toe – “Jesus is Here.”

Ons belydenis in God die Vader, Seun en Gees en Jesus wat ontvang is van die Gees, gely, gebore, gekruisig, gesterf het, begrawe is en ter helle neergedaal het, opgestaan het, opgevaar het en wat sit aan die regterhand van God die Vader van waar Hy sal kom om te oordeel, en ons belydenis aan een Christelike Heilige Kerk, die vergewing van sonde, opstand uit die dood en ewige lewe, word vir ons vervang met een kort slagspreuk – Jesus is Here.

Hulle beroep hulle verkeerdelik vir hierdie nuwe slagspreuk op Paulus wat in 1 Kor. 12: 3 sê: “niemand kan sê: “Jesus is die Here” behalwe deur die Heilige Gees nie.” Die vers misbruik hulle om dan te verklaar al wat nodig is om ’n Christen te wees, is om hierdie slagspreuk te sê. Alles wat ons saam bely in die Apostoliese

Jesus is Here én Chrístus

Geloofsbelydenis is vir hulle wat hierdie slagkreet uitroep, nie wesenlik nie en selfs sommer net latere byvoegings by Jesus se eie slagkreet – Jesus is Here!

Met hierdie nuwe slagspreuk verander hulle die Here Jesus Christus tot die heerser van hulle nuwe geestelike gemeenskap en word ons weer tot 'n valse kerk verklaar.

Daarom gaan ons kyk na wat is die verskil tussen ons geloofsbelydenis en hulle slagspreuk met die vraag aan die Skrif: Is Jesus Christus die heerser oor sy kerk of die Hoof van sy liggaam?

2. Petrus som die hele evangelie op in een kort aankondiging: “God het hierdie Jesus wat julle gekruisig het, Here en Christus gemaak.” Hand. 2: 36.

Hierdie is nie 'n slagspreuk nie, maar die aankondiging van alles wat God in en deur Jesus Christus se lyding en opstanding bewerk het. Dit is 'n nuusberig oor wat God gedoen het deur Christus uit die dood uit op te laat staan. Dit is nie 'n slagspreuk waarmee die dissipels Jesus hulle geestelike heerser gemaak het na sy dood nie.

Wat word oor oor Jesus aangekondig?

Hy is Here. Hy is self die Here van die verbond soos die Here Hom aan Moses bekend gemaak het in Ex. 3: 14 “Ek is Wie Ek is.” Dit het Jesus oor Homself openbaar in Joh. 8: 8 met die woorde: “Ek sê vir julle, Ek is al voordat Abraham gebore is.”

Jesus is die Here, self Jahweh, self God van sy verbond, nie 'n geestelike of goddelike heerser nie.

Die besondere en unieke van hierdie aankondiging dat Jesus Here én Christus gemaak is, is die openbaring oor wie is die beloofde Messias van die Ou Testament, die Christus wie aangekondig is in die Ou Testament?

Die Here, Godself is die Christus!

God het nie vir ons 'n Messias onder ons kom aanwys nie, nie 'n mens uit ons geledere aangestel as die Messias nie en ook nie vir ons 'n Messias gestuur nie. Nog minder het ons iemand gekies, aangewys of aangestel as ons geestelike leier wat God dan die Messias gemaak het nie.

God het self die Chrístus kom word! Gebore uit die maagd Maria!

God het nie 'n mens gestuur nie. God het self mens kom word! God het nie naas Homself of onder Homself iemand as Messias kom aanstel nie, maar God het self die Messias kom word. God het nie iemand kom aanwys as Messias nie, maar Homself, die Here as die Messias kom openbaar.

Die gekruisigde en opgestane Jesus, is Here en Christus!

Jesus is Here én Christus

Jesus wat as mens vir ons sondes gekruisig is en opgestaan het sodat ons in sy heilige en regverdige lewe as mens ingesluit kan word, is Here en Christus. Die Messias is nie 'n kragtige geestelike leier, 'n magtige geestelike heerser of 'n unieke geestelike leermeester nie. Die Christus is Jesus wat as mens gekruisig word en weer as mens lewend uit die dood opstaan om vir ewig as mens te leef, na liggaam, siel en gees, soos Petrus dit in sy preek aankondig. (Hand. 2: 30.31)

3. Hierdie aankondiging van Petrus op Pinksterdag het Jesus self openbaar in sy strydgesprek met die Fariseërs oor wie die Christus is. (Mat. 22: 41 – 46; Mark. 12: 35 – 37; Lukas 20: 41 – 44)

Christus haal Psalm 110 vers 1 aan en verklaar daarmee dat Hy die Christus is vir wie Dawid self Here noem, al is Hy Dawid se eie nakomeling. Hiermee openbaar die Here dat Hy as mens uit die geslag van Dawid, uit Maria gebore is maar Hy is terselfdertyd self die Here, die God van Dawid. Petrus haal direk ook Ps. 110 aan om aan te kondig dat dit is hoe Jesus die Christus is: Hy s verhoog tot die regterhand van God om Here en self as Here ook die Christus te wees.

Hierdie aankondiging is nie 'n verkiesings-slagspreuk nie!

Hoe verskil 'n verkiesings-slagspreuk van hierdie openbaring van die Here? Ons is pad na 'n verkiesing en die plakkate is al besig om op te gaan. Orals gaan ons nou op plakkate slagspreuke sien: Hierdie een is die regte president, daardie een is die regte burgermeester. Slagspreuke wat wys dat jy vir hulle moet stem. Daarom beteken elke slagspreuk eintlik niks anders nie as – stem vir so en so!

Hulle slagspreuke is mag-aankondigings – dit is eintlik slagkrete! Met hierdie slagkreet moet jy hulle met jou ja-stem bemagtig om magtige heersers te wees! Wie kan almal ja stem? Een en elkeen wat kan stem! Elkeen wat stem, ongeag wie dit is, hoe hulle lewe, wat hulle glo en watter waardes hulle het kan die een wat homself as magtige verklaar, die magtige heerser maak. Hoe meer stem, hoe magtiger is die heerser!

Om heerser te word het niks te doen met die lewenswyse, geloof, waardes en oortuigings van die kieser nie. Jy moet net ja vir mag stem.

Dit is wat hierdie nuwe slagkreet “Jesus is Here!” beteken. Dit beteken 'n ja-stem om Jesus die heerser van die geestelikes te maak. Dit is om vir Jesus ja – te stem sodat Hy die mag kan kry om die geestelike heerser te kan wees. Ja stem vir Jesus, is hoe Jesus bemagtig word om die heerser van die geestelikes te word. En daarom mag en moet enige iemand ongeag sy leefwyse of geloof net ja stem vir Jesus! Dit is al wat vir sy geestelike mag nodig is: net 'n ja- stem: Jesus is Here! Ja, ek stem Hy is die heerser!

4. Die leuen van hierdie ja-stem vir Jesus is dat die Here Jesus Christus nooit die heerser van sy kerk is nie.

Dit is die besondere openbaring wanneer Jesus die Hoof van sy liggaam genoem word soos in Efesiërs. Jesus is nie die heerser van die party van die ja-stemme nie. Hy is Hoof van sy liggaam.

Jesus is Here én Chrístus

Dit is hoe Jesus se gesag as Here en Christus in Efesiërs aangekondig word. Christus is die Hoof onder wie alle dinge in die hemel en aarde saamgebring word (1: 10), en terselfdertyd is Christus die Hoof van en Verlosser van sy kerk, sy liggaam (5:23)

Christus is Hoof van sy liggaam soos 'n waterbron, 'n waterfontein die oorsprong van 'n spruit is. Ons ken hierdie waterfonteine wat spruite op ons plase maak. Sonder 'n fontein is 'n spruit en selfs 'n rivier net 'n droë sloot. Christus is ons Hoof wat ons wat in ons self niks anders as droë slote is nie, spruite vol helder skoon en lewegewende water maak. Uit alles wie Christus is, vervul Hy sy liggaam. In Efesiërs 5 word gestel dat die Here Jesus sy liggaam vervul met vlekloosheid, om sonder rimpels te wees, heilig en onbesmet. Om dat Christus Homself as die gekruisigde oorgegee het, is Hy die hele tyd besig om sy lede te vervul met sy heiligheid, smetloosheid, rimpelloosheid, vlekloosheid en geregtigheid, net soos 'n waterbron, 'n waterfontein 'n rivier vervul met helder skoon water.

Christus is ook Hoof van sy liggaam deur hulle te vervul met genadegawes. Elke gelowige ontvang genadegawes en al die gelowiges saam ontvang ook die genadegawes van predikers, leraars en herders wat aan gelowiges die evangelie van Jesus Christus bedien. Christus vervul vervul sy kerk met genadegawes om mekaar in liefde te dien en mekaar op te bou in hul liefde vir God en hul medegelowiges.

Paulus stel dit só: “Die Een wat neergedaal het, is dieselfde Een wat opgevaar het bol al die hemele, sodat Hy alle dinge kon vervul. (Efe. 4: 10)

Hier beteken Hoof weer dat Chrístus die bron en oorsprong is van alle genadegawes waarmee sy kerk se lede mekaar bedien, net soos Hy die bron en oorsprong is van die heiligheid en smetloosheid waarmee Hy hulle lewe vervul.

5. Christus is as Hoof van sy liggaam nooit sy kerk se heerser nie.

Dit wys duidelik in die absolute kontras van hoe Jesus Christus die Here sy gesag verkry en wat Hy met sy gesag doen. Paulus wys Hy is die Een wat neergedaal het en toe opgevaar het. Dit is presies die teenoorgestelde van hoe mense mag kry. Mense kry mag deur eers op te vaar en dan af te daal!

Paulus verwys hier na Psalm 68 vers 19: “U het opgevaar na die hoogte om daar te woon, Here God nadat U gevangenes weggevoer het.” Die Joodse Rabbi's het die vers gelyk gestel aan Moses wat die Tien Gebooie op die berg Sinai gaan haal het, en wat weer afgekom het met die gesag van die Tien Gebooie.

Dit is hoe mense mag kry om heersers oor die wêreld te wees – hulle styg eers op in die hoogte om die mag te kry en dan kom hulle af met hierdie mag en onderwerp hulle alles aan hulle mag. Dit is hoe die Rabbyne Moses met God se wet ook voorgestel het: om God se wet as die mag die verkry om alles aan God se wet te onderwerp.

Jesus is Here én Chrístus

Maar Jesus het eers neergedaal, nie opgevaar nie. Hy het neergedaal nie om mense te kom onderwerp nie, maar om homself aan die straf, oordeel en vloek van God se wet oor sondaars te kom onderwerp. En toe het Jesus opgevaar, nie om ons aan sy lyding, kruisiging en dood te onderwerp as 'n goddelike krag of mag nie, maar as die wyse waarop Hy ons insluit en laat deel in al God se verbondsbeloftes hoe Hy ons vervul met sy liefde, goedheid, barmhartigheid en genade.

Christus se gesag is nie om die mag te kry om ons aan God se wet te onderwerp nie, maar om ons as sondaars met God se liefde te vervul. Só is Jesus Here en Christus! Hy is self die Here van sy verbondsbeloftes en Hy is die Christus wat met sy lyding en opstanding as mens hierdie verbondsbeloftes ons hele lewe laat vervul.

So is Christus hoof van sy liggaam, die kerk – Hy vervul ons met sy liefde soos 'n waterfontein 'n spruit met helder skoon water volmaak en Hy vervul ons met met genadegawes om mekaar op te bou in ons geloof en liefde vir die Here.

Dit is mos net ook waar van hoe 'n man hoof van sy vrou en gesin is, volgens Paulus se voorbeeld in Efesiërs 5. Elkeen van ons aanvaar die man is hoof van die huis, maar niemand sal ooit aanvaar dat 'n man sy vrou en kinders se heerser is nie. Christus vervul ons met God se liefde om lief te kan hê, só is Hy ons Hoof, nooit ons heerser nie.

:

6. Wat doen hierdie nuwe Jesus-figuur vir wie jy net 'n ja stem moet uitbring met die slagkreet: “Jesus is Here!”

Hy is nie God self, die God van die verbond met Abraham nie. Want die woord “Here in hierdie slagkreet, beteken heerser, nie God die Here nie.

Die belangrikste egter is dat in hierdie slagkreet “Jesus is Here”, verval die geloofsbelydenis, die Here is self die Christus, God self het die Christus kom word! God het die sondaar mens kom word wat die straf, oordeel en vloek van sondaars op Hom kom neem het om ons in te sluit en te laat deel in sy heiligheid en geregtigheid as mens in die hemel!

In hierdie slagkreet “ons kies om Jesus Here te maak”, “ons maak Jesus Here met ons ja-stem”, maak mense hulle eie Christus op, stel hulle hul eie Christus aan en stuur hulle hul eie Christus in die wêreld in.

'n Christus wat ander mense aan sy goddelike krag en mag onderwerp, wat mense gedienstig aan sy mag maak, wat mense sy ondergeskiktes maak en maak dat hulle gedwee na Hom luister.

Dit is mos presies wat 'n ja-stem doen waarmee mense vir hul self 'n heerser opmaak en aanstel! 'n Heerser wat met sy mag sy kiesers met die mag sal vervul om al hul wense, drome en begeertes waar te maak – en almal wat hul nie aan sy mag onderwerp nie – sal breek.

Vir hierdie Jesus wat 'n heerser is, kan enige iemand met enige sondige begeerte, enige sondige droom en enige sondige wens – die slagkreet uitroep – Jesus is Here!

Jesus is Here én Christus

7. Maar ons kan dit nie doen nie!

Ons is lede van die liggaam van die Here Jesus Christus. Hy is nie ons heerser nie. Hy is ons Hoof!

Hierdie verskil is net so groot soos die verskil tussen 'n man wat die hoof van sy gesin is teenoor 'n man wat sy gesin se heerser is!

Dit is en kan mos nooit dieselfde wees nie – hoof en heerser van die gesin!

Wat is die verskil?

Hoof vervul en heerser onderwerp!

Die Here Jesus Christus het die gesag verkry om ons met God se volle verbondsliefde te vervul waardeur Hy ons ook met liefde vir God en mense vervul. Hy is die bron, die oorsprong van liefde. Die Here Jesus Christus is nie die heerser van sy kerk wat hulle met goddelike krag en mag aan God onderwerp nie.

Ons belydenis dat Jesus Here en Christus is, is 'n geloofsbelydenis oor God se liefde. Dit is nie 'n slagkreet waarmee ons Jesus ons heerser maak nie!

Ons belydenis dat Jesus Here en Christus is, is 'n belydenis tot diensbare liefde met die genadegawes waarmee die Here ons vervul – dit is nie 'n slagkreet waarmee ons Jesus die heerser maak wat ons die mag gee om ons sondige begeertes, drome en wense uit te leef in sy Naam, nie.

Daarom kan net die lede van die liggaam van die Here Jesus Christus, net hulle vir wie Hy Hoof is – hierdie geloofsbelydenis oor sy liefde en tot sy diens doen – nie elkeen wat 'n heerser wil hê wat hulle gemagtig om hul sondige wense te vervul nie.

8. Die kerk van die Here Jesus Christus – is nie 'n geestelike party vir wie almal kan 'n ja stem uitbring nie. Dit is die Here Jesus Christus se liggaam wat Hy met die liefde van God tot diens vervul.

Dit bring ons tot die vraag aan watter kerk behoort ons?

Die liggaam van die Here Jesus Christus of die geestelike party van die heerser Jesus?

Die geestelike partye van Jesus Christus is mense wat glo hulle maak Jesus koning. Hulle stel Hom aan op die troon van hul harte, hul gesin, hul besigheid en die land. Hoe? Hulle doen dit met die slagkreet “Jesus is Here” wat beteken hulle kies en stem “Ja” vir Jesus. Hoekom? Want op hierdie wyse bemagtig hulle Jesus om 'n magtige geestelike en goddelike leier te wees wat hulle sal bemagtig om al hul drome, wense, drifte en begeertes as God se wens en liefde vir hulle sal bemagtig. Wie? Wie maak dat mense Jesus bemagtig met hul “ja-stem”? En hier is hierdie nuwe geestelike bedryf op sy duidelikste – die nuwe sogenaamde heerser Jesus se mag word bedryf deur geestelike organiseerders, geestelike leiers, - bestuurders, -

Jesus is Here én Chrístus

direkteure, -vaders, -fasiliteerders, -leermeesters en spirituele begeleiers, mentors, rolmodelle en gidse. (Rom. 2: 17 – 20)

Hierdie geestelike partye wat hulle self met die slagkreet “Jesus is Here” versamel is nie die liggaam van die Here Jesus Christus nie!

Sê wie?

Sê die Here Jesus Christus self! Die Here het hierdie slagspreuk-geestelikheid al onthul vir wat dit is in die Bergrede in Matteus 7:1 21 - 23: “Nie elkeen wat vir My sê ‘Here, Here,’ sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar net diegene wat die wil doen van my Vader in die hemele. Baie sal op daardie dag vir My sê. ‘Here, Here,’ het ons nie in U Naam geprofeteer en in U Naam demone uitgedryf en in U Naam baie kragtige dae verrig nie?’ Dan sal Ek openlik vir hulle sê: ‘Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat wetteloosheid bedryf.’”

Geestelike partye en organisasie in die Naam van Jesus wat hulle heerser gemaak het, is nie die liggaam van die Hoof Jesus Christus die Here nie.

Wie is sy liggaam?

Hulle wie in Hom glo dat Hy die Here is wat self die Messias kom word het wat vir ons sondes gekruisig is en uit die dood uit opgestaan het om ons in sy menswees in die hemel in te lyf en en al sy heilsweldade te laat deel. Hulle vir wie Hy die bron, die oorsprong die fontein is van God se liefde en hulle deur sy liefde, genade, barmhartigheid en goedheid laat deurspoel. Hulle wat uit God se liefde wat hulle deurspoel lief het volgens God se wet.

Ons wie glo dat die gekruisigde Jesus is self die Here van sy verbond én self ook die Messias, ons is sy liggaam! Ons maak nie ons drome, wense, drifte en begeertes ons mag en krag omdat ons Jesus as ons heerser bemagtig het nie.

Vir ons gee die Here Jesus Christus self die genadegawes wat predikers, leraars en herders om die evangelie te kan glo en deur die evangelie die Here Jesus Christus uit geloof te kan gehoorsaam.

8. Aan watter kerk behoort ons?

Aan die heilige algemene Christelike Kerk waarvan Jesus Christus die Here die Hoof is of behoort ons aan 'n geestelike party van Jesus wat ons Here gemaak het?

Wat is ons as NG Kerk? Deel van die liggaam van die Here Jesus Christus die Hoof van sy liggaam of is ons die organisasie van geestelike leiers, bestuurders, direkteure en spiritueles? Leef ons in en deur ons geloof in die gekruisigde Here Jesus Christus of bemagtig ons en die organiseerders en leier van die NG Kerk mekaar in ons drifte en drome?

As deel van die NG Kerk as instelling, is ons deel van die liggaam van ons Hoof, Jesus Christus die Here!

Jesus is Here én Chrístus

Ons mag nie ons gemeentes en eredienste oop stel vir hulle wat met slagkrete vir Jesus “Ja-stem” om ons as die liggaam van die Here Jesus Christus te oorspoel nie. En dit is nie sommer net hovaardigheid nie. As die Here self vir mense wat met slagspreuke vir Hom Here’, Here’ sê, sê: “Ek het julle nooit geken nie.”, mag ons vir hulle nie ’n kleed van Christelikheid omhang nie.

Ons mag nie hulle heerser aanvaar asof Hy die Here Jesus Chrístus is wat ons deel van sy liggaam gemaak het nie, ons mag nie hulle geestelike bedryfspan as ons herders en leraars aanvaar nie.

Ons moet kan onderskei tussen die Here Jesus Christus wat Hoof van sy liggaam is en ons met sy liefde deurspoel en hulle heerser wat hulle sondige drifte bemagtig omdat hulle Jesus as heerser bemagtig het.

9. Ons vergeet gerieflikheidshalwe altyd wat hierdie heerser Jesus en sy “ja-stemmers” doen asof dit nie regtig gebeur of gebeur het nie. Een goeie voorbeeld van hierdie “Ja-stem” vir Jesus was die Rooms Katolieke en Lutherse Kerk se “Ja-stem” vir Hitler.

Beide hierdie kerke het hulle lidmate oortuig dat ’n “Ja-stem” vir Hitler is ’n “Ja-stem” vir Jesus wat deur die nuwe Leier Hitler weer heerser van die Duitse Nasie sou wees. Hitler is met kerklike klokkespel oor die hele land en binne kerkgeboue en eredienste verwelkom as die Leier wat Jesus weer heerser sal maak. En met hierdie drif om weer ’n nasie te wees, vry van die gevolge van die Eerste Wêreld Oorlog, het nie een Kerk enig iets oor die terreur teen Kommuniste en Jode gesê nie. Hulle wou nie weet van hierdie wetteloosheid wat hul Leier mee besig was nie, want hulle het “Ja” vir Jesus gestem.

Dit het ook met ons gebeur – die “Ja-stem” vir ’n nuwe nasie was deur kerke gemotiveer as ’n “Ja-stem” vir Jesus. En toe die wetteloosheid van hierdie goddeloosheid begin het, was en is elkeen nog steeds tjoepstil. .

Maar dit is nie wie ons is nie. Ons is nie ’n Jesus-party, ’n Jesus- organisasie wat Hom as ons heerser aangestel het nie. Hy is die Here Jesus wat self die Christus geword het om as ons Hoof ons as sy lede met God se liefde te vervul, sodat ons Hom en ons naaste kan lief hê volgens die wil van ons Vader. Ons skree nie ‘Here, Here,’ om te kry wat ons wil hê. Ons glo in die Here Jesus Christus sodat ons in die liefde van God kan leef.

Kom ons staal ons teen hierdie vloedgolf van mense wat ons eredienste en kerke met hulle slagkreet vir Jesus en hulle perversiteite wil oorspoel.